Geloofsfamilie Vaalpark NG Kerk

# Gebedsbulletin
# No. 03 van 2024

## 21 Januarie 2024

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Sê nou 2024 is dieselfde… sal jy aanhou glo?

"Voorspoedige Nuwejaar." Die meeste gesprekke gedurende die afgelope week of drie is met hierdie einste woorde ingelei. Maar wat as hierdie jaar nie 'n voorspoedige nuwe jaar is nie? Hoe gemaak as die moeilikheid dalk net nog meer gaan word? Wat as onsekerheid en probleme nie gaan afskaal nie? Wat as jy in die nuwe jaar steeds aanhou bid, maar niks verander nie? Sal jy steeds glo as hierdie jaar onveranderd op dieselfde trant as verlede jaar voortgaan? Sal jy steeds op die Here vertrou as moeilikheid nie van jou radarskerm deur die loop van 2024 verdwyn nie? As jy hierop ja kan sê, dan het geloof reg grond geraak in jou lewe. Dan dien jy God ten spyte van jou eie situasie.

As God se genade vir jou onder alle omstandighede genoeg is, dan het jy agtergekom waaroor geloof regtig gaan. Dan het jy reg gegroei tot op hierdie punt in jou geloofslewe. Dan gaan 2024 se uitdagings jou definitief nie onkant betrap nie. Of van die spoor af gooi nie. Dan gaan jy op God se pad te midde van voorspoed en teenspoed volhard. Dan kan jy weet dat hierdie jaar'n goeie jaar gaan wees, volgens die Here se voorwaardes! Dan mag jy vir ander mense sulke soort voorspoed op hulle eie lewensreise toebid en toewens. Dan weet jy Christus is altyd by jou en jou mense, soos wat Hy beloof het kort voor Sy hemelvaart. Jy is nooit alleen nie. Christus is in 2024 jou Padwyser en Reisgenoot.

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Ria Putter
Maria Steyn
Sampie Swart
Annika Kilian
Jaco Steenkamp
Leonie Kruger
Sumari Pretorius
Jillian Jansen
Tannie Martie de Beer
Albert Glockzin
Willie Britz
Rudi Kruger
Frik Blom
Jaap Naudé
Michael Redelinghuys
Tilly van Huysen
Flippie Roslee
Louis Strauss
Oom Cedric Wiegand
Tannie Bets Coetzee
Annetjie Pienaar
Willie Viljoen
Karl Olsen
Amorë Alberts

Die Here is my voorspoed
Hy sal vir my voorsien
Soos 'n pa sorg vir sy kinders
Gee Hy meer as wat ek ooit sou kon verdien

*Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .*
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***…

- HERE, ek het U lief! AMEN

***U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.***
***PSALMS 119:105***

## *Gedagte vir die week*




Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in